IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

Ass. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-12 en 13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 108

(Bladsye 5 357 - 5 417)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : U Edele, die volgende getuie wat die Staat roep is Christopher John Peter Labuschagne. Hierdie getuie sal getuig oor Cradock ten aansien van dokumente wat hy op beslag gelê het.

CHRISTOPHER JOHN PETER LABUSCHAGNE, v.o.e.

MR BIZOS : My Lord, before this witness continues, I do not want the State to suggest that we have taken them by surprise. We submit that much of the evidence of the previous witness and especially the photographs with the ANC signs are outside the period of the indictment. I do not want to argue it now, but I do not want to remain silent about it either.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Cradock en u is lid van die Veiligheidstak? -- Dit is reg.

Op 19 April 1984 ongeveer 13h45 was u by 'n padblokkade naby Cookhouse? -- Dit is reg.

HOF : Hoe ver is Cookhouse van Grahamstad af? Van Cradock af? -- Dit is 80 kilometer.

MNR. FICK : Daar is 'n sekere voertuig voorgekeer en daar is dokumente gevind. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Weet u wie se voertuig was dit? -- Die persoon het homself geïdentifiseer as Popo Molefe.

Het hy homself voorgestel as behorende aan enige organisasie of aan enige spesifieke plek? -- Hy het net gesê sy organisasie waaraan hy behoort is UDF, want ek het hom gevra daaromtrent.

U het sekere dokumente gevind? -- Dit is korrek.

Sal u die persoon kan uitken? -- Nee, ek kan nie sê nie. Dit was die eerste keer wat ek die man gesien het daardie betrokke dag.

Dit wil voorkom asof die beskuldigde opgestaan het.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS : It will not be in issue.

MNR. FICK : Waar was die dokumente gevind? In die voertuig of aan die persoon van die ... -- Dit was in die voertuig.

Wat het u gemaak met hierdie dokumente wat u gevind het? -- Ek het fotostatiese afdrukke by die aanklagkantoor te Cookhouse gaan maak.

In die teenwoordigheid van die Popo Molefe? -- Hy het nie ver daarvandaan gesit nie.

En die oorspronklikes, wat het u daarmee gemaak? -- Ek het dit teruggegee aan Popo Molefe.

Waarom het u die oorspronklikes aan hom teruggegee? -- Hy wou dit gehad het.

Hy wou dit teruggehad het? -- Dit is korrek.

Het u die afskrifte wat u gemaak het vergelyk saam met Popo Molefe met die oorspronklikes en was hy tevrede dat dit afskrifte is? -- Hy het dit nie betwis nie. Ek het net die afskrifte gevat en sy oorspronklikes vir hom teruggegee.

U het die oorspronklikes nooit weer gesien nie? -- Nog nooit weer gesien nie.

Ek wil aan u dokumente toon en dan moet u vir my sê of u dit herken. Ek sal hierdie reeks AAZ nommer. Ek wil aan u 'n dokument toon AAZ(1). Ek wil dit net identifiseer. Dit is 'n brief op 'n briefhoof van United Democratic Front Western Cape Region gerig aan The Secretary, UDF Headoffice. Dear Popo. Hy het 'n aanhangsel Circular National Conference of civic organisations. Ken u hierdie dokument? Is dit een dokument waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Ek wil u dan 'n tweede dokument toon AAZ( 2). Dit is aantekeninge gemaak op 'n notaboek. Die opskrif van die eerste bladsy is Purpose of the evaluation. Herken u dit? -- Dit is korrek.

... / Dan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dan toon ek u 'n derde dokument. Dit is blykbaar 'n telefoonboekie, 'n alfabetiese indeks met 'n klomp name en telefoonnommers op en bo-aan staan Popo Molefe. Is dit ook een van die dokumente? -- Dit is korrek.

Dit is AAZ(3). Ek wil u dan verder 'n dokument toon, ons maak dit AAZ(4). Dit is handgeskrewe notas. Dit is gedateer 31 April 1984. Daar is geen opskrif nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Daar is nie so 'n dag nie.

MNR. FICK : Ek is bevrees daar is nie so 'n dag nie, maar hy is so gedateer.

HOF : Dan is dit 'n uitsonderlike dokument. Ja, 31 April 1984.

MNR. FICK : Herken u hierdie dokument as een waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Dan wil ek u 'n verdere dokument toon AAZ(5). Dit is 'n dokument met opskrif The South African Council of Churches geteken deur Bishop Desmond Tutu gedateer 3 April 1984 met 'n koevert gerig aan The General Secretary, UDF en dan dokumente UDF Million signature campaign, organising handbook. -- Dit is korrek.

Dan wil ek verder gaan na 'n ander datum met u. U was op 10 Mei 1985 na 'n sekere Victor Puwani te Langelihle woonbuurt? -- Dit is reg. Sy bynaam is alias Pa.

HOF : Nie net vir sy kinders nie? -- Nee, hy is nog ongetroud.

By Cradock? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Die persoon Victor (Pa) Puwani weet u of hy op daardie stadium aan enige organisasie behoort het? -- Hy het. Hy was die adjunk-sekretaris van Cradora.

Dit is die Cradock Residents Association? -- Dit is reg.

Wat was die doel van u besoek daar? -- Ons het sy woning deursoek.

U het daar beslag gelê op 'n aantal dokumente? -- Dit is

... / korrek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

korrek.

Ek gaan aan u die dokumente toon een vir een. U Edele, die polisie het die dokumente in 'n bundel ingebind. Ek sal dit ook AAZ nommer.

HOF : Die dokumente sal dan begin by AAZ(6). Is al die dokumente van die een persoon afkomstig?

MNR. FICK : Dit is almal van die een persoon afkomstig.

MR BIZOS : My Lord, we have not been able to get instructions or even to check as to whether this person is a listed co-conspirator or not. I do not know whether the prosecutor can inform Your Lordship on the matter.

COURT : I cannot recall seeing or hearing his name before in this court.

MR BIZOS : We certainly would have remembered the nickname.

COURT: Is Cradora not listed as an organisation?

MR BIZOS : As an affiliated organisation, but that does not make admissible things that may have been found in the possession of individuals who are not named as co-conspirators. We reserve our rights with regard to this. We object to the evidence. My Learned Friend must satisfy Your Lordship of the admissibility of these documents. We have not had an opportunity to study it. We have no instructions from this gentleman. We do not know ... (Court intervenes)

COURT : Well, let me just get clarity now. Do you reserve your rights or do you formally object, because if you formally object now, I have got to rule on it. You can reserve your rights if you want to.

MR BIZOS : I am inviting the State to tell Your Lordship whether he is a co-conspirator or not on the basis upon which the documents are being tendered, so that I can deal with it. I do not mind reserving our rights, but what am I going to do?

... / I

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

I have no instructions. It is not shown anywhere in any particulars or anywhere.

MNR. FICK : Ek het nog nie kennis gekry van enige beswaar nie.

HOF : Wel, u kan dit maar aanvaar dat daar op die oomblik 'n soort beswaar is daarteen op die basis dat hierdie persoon Puwani nie een van die gemelde samesweerders is nie en hoe is die dokumente wat by hom gevind is dan toelaatbaar teen die beskuldigdes.

MNR. FICK : Op die basis dat die Staat het beweer dat daar 'n sameswering was tussen die UDF en sy geaffilieerdes, dit word erken hierdie organisasie is 'n geaffilieerde organisasie, dit is formeel erken in die erkennings ook en sy bestuurstrukture en dan het die Staat ook die besonderhede gegee waarvan op daardie stadium almal nie aan die Staat bekend was nie. Dit was nie bekend op die stadium toe ons die besonderhede gegee het nie.

HOF : Dat hierdie kêrel 'n bestuurslid is van die organisasie?

MNR. FICK : Dit is reg.

COURT : Mr Bizos, it is alleged that this is the secretary of Cradora and that Cradora is an organisation which is one of the conspirators. Obviously Cradora itself cannot possess the documents. Somebody has to possess it on behalf of them.

MR BIZOS : There are admissibility questions, but I think it is best if our reservation of our rights at this stage is noted. I do not know what we are going to do on the facts.

COURT : Very well, it is noted that you reserve your rights on this point.

MNR. FICK : Ek wil u dan eerstens 'n dokument toon. Die dokument is getiteld UDF Organise, Mobolise, Fight on documents UDF Eastern Cape Annual General Meeting. Dit is AAZ(6). (Dokument bestaan uit 17 bladsye en word genommer (6)(i) tot

... / (6)(xvii)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

(6)(xvii)) Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Dan toon ek u die volgende dokument. Dit is 'n dokument van UDF gedateer 23 Maart 1985. Hy is gerig aan The Secretary Cradora. Hy het twee bladsy en is geteken deur D.I. Swartz, General Secretary.

HOF : Hy is AAZ(7)(i) en (ii).

MNR.FICK : Is dit ook 'n dokument waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

AAZ(8). Dit is 'n brief wat op twee kante geskryf is Mbulelo Goniwe. Dit is gedateer 1 April 1985 aan The Secretary Cradock Residents and Youth Associations Cradock. Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is AAZ(8)(i) en (ii).

MNR. FICK : Die volgende dokument is 'n dokument van UDF gedateer 14 Maart 1985 getiteld Regional Report. Hy bestaan uit sewe bladsye.

HOF : Die dokument word genoem AAZ(9)(i) tot (vii).

MNR. FICK : Was hy deel van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Die volgende dokument wil ek aan u toon. Dit bestaan uit 'n koevert met die agterkant die die koevert asook 'n brief gedateer 15 Mei 1985.

HOF : Dit sal AAZ(10)(i) tot (iii) wees.

MNR. FICK : Dan die brief van die Black Sash getiteld Your Organisation is invited to participate in the media workshop.

HOF : Ons is dan by AAZ(10)(iv) die Swart Serp.

MNR. FICK : Is dit deel van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is reg.

Die volgende dokument is 'n brief bestaande uit twee bladsye van UDF gedateer 1 Maart 1985 geskryf M.P. Lekota,

... / Publicity

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Publicity Secretary gerig aan The Secretary Hart, Wellington, New Zealand. Ek sal dit AAZ(11)(i) en (ii) merk. Is dit ook deel van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Die volgende wat ek aan u wil toon is 'n dokument. Bo-aan staan Community Struggle. Hy bestaan uit vyf bladsye.

HOF : Dit word gemerk AAZ(12)(i) tot (v).

MNR. FICK : Is hy deel van die dokumente wat u op beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Dan is daar 'n dokument. Hy is getiteld Mr Nelson Mandela responds to President P.W. Botha's offer made in Parliament. AAZ(13)(i) tot (iii). Is dit deel van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

En dan laastens is daar 'n boek getiteld Solidarity of Labour. Dit is een groot boek.

HOF : Hy staan bekend as AAZ(14).

MNR. FICK : Is dit deel van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

U het verder op 21 Mei 1985 'n verdere woning gaan deurte Langelihle by Cradock? -- Dit is korrek.

Wie se woning was dit? -- Dit was die woning van Sparo Mkhonto.

Op daardie stadium, wie was hy? -- Hy was die voorsitter van Cradora gewees.

Het u daar beslag gelê op dokumente? -- Dit is korrek.

Dit is drie dokumente. Dit sal AAZ(15)(i) tot (iii), AAZ(16)(i) tot (iv) en AAZ(16)(i) en (ii). Ek wil eerstens die dokument aan u toon getiteld Report of the National Conference held in Durban on 12 and 13 January 1985. Dit is AAZ(15)(i) tot (iii). Is dit een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

... / Dan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dan wil ek 'n verdere dokument aan u toon. Dit is 'n dokument getiteld Report of the Housing Commission, February 10. Organisations represented en dan word daar 'n klomp name gegee. Dit sal wees AAZ(16)(i) tot (iv). Is dit ook een van die dokumente waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

En dan laastens 'n dokument, ek sien die tweede datum daar is 2/2/85 (Militarisation Commission) Hy bestaan uit twee bladsye. AAZ(17)(i) en (ii). Is hy ook daar gevind? -- Dit is korrek.

Hierdie persoon Sparo Mkhonto is oorlede? -- Dit is korrek.

En hy is op 20 Julie 1985 te Cradock begrawe? -- Dit is korrek.

Was hy alleen begrawe of was daar persone saam met hom begrawe? -- Hy was saam met drie ander persone begrawe.

Kan u die name van die ander persone gee wat saam met hom begrawe is? -- Die een was Mathew Goniwe, Ford Galata en die vierde een se van ken ek net as Mhlauli.

Het u hierdie begrafnis self waargeneem? -- Dit is korrek.

Waargeneem in die sin dat u dit gesien het? -- Dit is korrek. Ek het observasie gehou.

MR BIZOS : Is this within the period of the indictment.

HOF: 20/7/85?

MNR. FICK : Nee, maar die Staat voer aan dat hierdie getuienis toelaatbaar is op die basis dat dit dui aan die sameswering wat die Staat beweer in die periode van die klagstaat is. Hierdie is buite die bewering wat die Staat sê daar saamgesweer is, maar die Staat voer aan dit is toelaatbaar as getuienis dat daar wel 'n sameswering was, die gebeure wat op hierdie begrafnis gebeur het. Die getuienis is tog sekerlik soos in 'n moordsaak. Die man word vandag vermoor, maar jy kry oor

... / twee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

twee maande die byl.

MR BIZOS : The indictment in this case was served in June 1985. The accused were theoretically before Your Lordship on that date. This event occurred after the indictment was served. It was happenings at a funeral. Theoretically, events that happened subsequent to a particular event, may throw light back to prior events, but we submit with the greatest respect that where we have been sent to 31 areas thoughout the country, where we have had considerable difficulty in getting instructions, to allow the State on top of it to go beyond the period in die indictment without any particularity, without any forewarning, in our respectful submission, is putting a burden on the defence which is not warranted and I submit that whetever relevance it may have or contended for it, it must be balanced against the State, some form of limitation being placed on the State and that it must stop.

MNR. FICK : Kan ek net meld, ek het aan mnr. Bizos se assistent hiervan gemeld. Hy het my kom vra oor besonderhede, waaroor gaan ons getuienis lei. Hy het die foto's gesien wat ek poog om in te handig.

HOF : Ja, maar laat ons net hoor, wat gaan die getuienis bewys? Wat moet dit nou bewys?

MNR. FICK : Dit sal aantoon onder andere dat die een persoon wat in die bestuur is van Cradora een van die persone is wat byvoorbeeld met die Russiese vlag geloop het by die begrafnis. Op die vlag was die SA Kommunistiese vlag. Op die begrafnis het hy geloop met dié ding. Op hom was daar vlae in verband met wat die AK 47 afbeeld.

HOF : Maar teoreties kan u dan aangaan tot gister. Waar gaan ons ophou? Gestel nou een van die persone wat op 'n manier verbind is met die beskuldigdes het gister 'n verklaring gemaak,

... / soos

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

soos baie van hulle gister verklarings gemaak het en gaan môre nog verklarings maak, wanneer hou die ding op? Hoe kan jy dit verbind aan die beskuldigdes?

MNR. FICK : Dit is die Staat se submissie dat hierdie organisasie wat hier beweer word, Cradora, het geaffilieer in die tyd toe die beskuldigdes nog daar was.

HOF : Wel, die tyd toe die beskuldigdes daar was en die tyd wat vir u van belang was, was hulle geaffilieer, maar wat hulle doen na die tyd, hoe is dit nou ter sake na die hele tydperk genoem in die akte van beskuldiging? Hoe kan 'n mens dit aan die beskuldigdes vasknoop.

MNR. FICK : Die Staat voer hierdie getuienis aan om te bewys wat die werklike bedoeling was met hierdie organisasies, wat hulle werklike ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoe kan dit nou uitsluit dat daar nie 'n verandering van opset was nie? Hier word van die mense begrawe. Een van hulle was die voorsitter. By hom is dokumente gekry in die sekere tyd, maar hy is nou oorlede. Nou is daar blykbaar 'n ander voorsitter hou 'n rooi vlag. Wat bewys dit? Nou is daardie voorsitter ook al miskien oorlede en die volgende een het nou 'n groen vlag. Wat bewys dit?

MNR. FICK : Die Staat sal die getuienis aanbied dat nie net hierdie organisasie nie, daar is ander organisasies wat in die klagstaat genoem word, soos AZASO, hulle het ook met hulle vlag geloop saam met hierdie mense.

HOF : Dit is heel moontlik, maar gestel nou AZASO of wie ook al kom vandag en reik 'n verklaring uit vandag wat sê "Ons gaan nou die regering omver werp met geweld", dit is nou wat u wil graag bewys, dit is ver buite u akte van beskuldiging. Hoe kan u dit aanvoer as bewys van die toestand in 1984?

MNR. FICK : As hulle sê "Ons het nou so besluit" dan is dit

... / natuurlik

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

natuurlik uit.

HOF : Nee, maar as hulle niks sê nie. Hulle sê net "Ons wil nou die regering met geweld omver werp vandag." Hulle sê dit môre en u kom oormôre met die getuienis hier aan, wat dan?

MNR. FICK : Maar met respek, die getuienis moet tog opgeweeg word saam met die ander getuienis wat voor die Hof is wat - ek wil nou nie 'n hele betoog daaroor opsit hier nie, maar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, u beter 'n beswaar opsit, want daar is 'n beswaar teen die getuie.

MNR. FICK : Dit is so. Die Staat se argument is dat saam met die ander dokumente wat die Staat wel aan die verdediging gegee het, wat wel binne die klagstaat val, as alles in geheel na gekyk word, dan is dit duidelik wat die opset van byvoorbeeld die UDF is en wat sy geaffilieerdes se opset was en dit word bevestig deur wat hier gebeur het. Op sigself, een alleen, stem ek saam, het dit sekerlik nie baie waarde nie.

HOF : Hoe moet die verdediging nou voorberei op hierdie dinge? Hulle het moeite gehad om binne die tydperk wat 'n baie breë tydperk is van die akte van beskuldiging voor te berei oor die hele land vol. Nou loop u buite die akte van beskuldiging en bring gebeure daar in. Dit sal daarop neerkom dat ek elke keer sal moet verdaag sodat hulle die dinge kan ondersoek. Dit gee 'n ondersoek af van wie het die rooi vlag nou eintlik geswaai, mnr. A of mnr. B. Ek het heel aan die begin 'n uitspraak gegee as ek reg onthou, dat u moet hou aan die besonderhede wat u gegee het en daardie uitspraak staan nog, as ek reg onthou. Daar is 'n sekere mate van wydte wat feite betref wat buite die akte loop, daarmee gaan ek saam, 'n mens kan nie spesifiek elke ding beweer in 'n akte van beskuldiging nie, maar as ek u toelaat om hier buite die akte te loop, dan loop u

... / nog

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nog 'n maand later, volgende keer en ons is in begin 1986 en netnou is ons aan die einde van 1986 en ons lei daardie feite en waar gaan die saak heen? Die getuienis word nie toegelaat nie.

MNR. FICK : Gedurende die tydperk 1984 tot hier by April 1985 het u by enige begrafnisse observasie gehou in Cradock in die Swartwoongebied? -- Heelwat.

As u vir die Hof sê heelwat, kan u aandui min of meer hoeveel? -- Dit is meer as tien.

Het daar wat u gesien het, nie u opinie nie, wat u fisies gesien het, sekere dinge gebeur by meer as een geleentheid by hierdie begrafnisse ten aansien van die gedrag van die persone of voorwerpe wat daar vertoon is en dié tipe van goed? -- Dit is reg.

Wat het u opgemerk by hierdie verskillende begrafnisse wat u waargeneem het?

HOF : Ek wil nie u afleidings hê nie. Ek wil feite hê wat u gesien het? -- Dit is korrek. Voor elke begrafnis wat ek bygewoon het of wat ek observeer het, was daar handgemaakte baniere gewees.

U bedoel nou voor die stoet? -- Nog voor die diens begin.

Waar was dit gewees? -- Dit is nog in die Swartwoonbuurt in die strate, het jeugdiges in die strate begin saamhardloop om mense bymekaar te kry.

MNR. FICK : U moet dit net 'n bietjie meer verduidelik. Hoe het hulle begin saamhardloop? Het hulle met die baniere gehardloop? Het iemand die baniere gedra en het iemand saam gehardloop? -- Dit is korrek. Dit was handgemaakte baniere. Dié het voor gehardloop en dan het die jeugdiges gevolg agter die baniere deur die strate.

HOF : Op en af? -- Nee, een straat op en die ander een af.

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Stil en rustig? -- Hulle het slagspreuke geskreeu terwyl hulle gehardloop het.

Wat se slagspreuke skreeu hulle? -- Ek kan vir u 'n paar noem. Dit is "Viva Mandela. Viva Thambo. Viva AK 47. Viva Sisulu." Daar is 'n hele klomp. Heeldag kan ek staan en opnoem. Hulle het liedere gesing, maar dit was nie kerkliedere nie.

Kon u hoor wat hulle sing? -- Die een wat ons gereeld hoor is Nkosi Sikilele Afrika.

HOF : Het hulle dit gesing terwyl hulle in die strate op en af draf? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Daarna? -- Daarna het die groep afbeweeg na die kerk toe waar die diens gehou word. Van die groep wat dan voor die kerk bymekaar kom, gaan die kerk binne. Na die diens kom die stoet bymekaar, die familiebetrekkinge. Hulle beweeg gewoonlik voor.

HOF : Wie beweeg voor? Die familie? -- Die familie met die stoet.

U bedoel met die kis? -- Dit is korrek, met die stoet self, die motor. Dan gewoonlik, wat normaalweg op al hierdie begrafnisse gebeur het, het hulle baniere gehys onder andere van die UDF, van Cradora, COSAS en dan was daar nog verskeie handgemaakte baniere met enige geskrif daarop. Onderwyl die stoet afbeweeg na die begraafplaas, het die groep wat agter die baniere beweeg het, rewolusionêre liedere gesing, slagspreuke geskreeu en dan het hulle afbeweeg tot by die begraafplaas en hulle het die heeltyd so aangegaan. Na die verrigtinge by die graf, was die familiebetrekkinge in die voertuie net kans gegee om die terrein te verlaat. Dan beweeg hierdie selfde groep, dit is jeugdiges en volwassenes gemeng, op dieselfde wyse deur die woonbuurt.

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Nog skreeuend en singend? -- Dit is korrek. Daar het 'n paar voorvalle plaasgevind waar huise onder andere gebrand was na so 'n begrafnis.

Wat se huise of wie se huise was dit? -- Dit was raadslede en goed se huise. Dit is normaalweg mense wat vir die Staat werk en die Staat goedgesind is.

Ek wil net by u een ding vasstel. U sê as die kis by die kerk uitkom, dan beweeg die stoet met hom weg, die familie. Bly hy by die familie die heeltyd tot by die graf of gebeur daar enigiets langs die pad met die kis? -- Dit is reg. Die familie bly saam met die kis tot by die begraafplaas en na die verrigtinge by die graf, word die familie net kans gegun om die perseel te verlaat.

Is daar net raadslede se wonings wat aangeval is of is daar ander mense met ander beroepe ook? -- Daar is onder andere polisiemanne se wonings ook aangeval.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Is daar enige notas gemaak of enige inventaris in verband met die dokumente wat by die twee mense, behalwe mnr. Molefe, gevind is? -- Daar was kwitansies uitgereik.

Het u afskrifte van daardie kwitansies? -- Ons sal net moet seker maak by die ondersoekbeampte.

Dit sal baie help. Die mense in wie se besit die dokumente gevind was, het hulle daarvoor geteken? -- Hulle moet.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 13 JUNIE 1986.

K342 HOF HERVAT OP 13 JUNIE 1986.

MR BIZOS ASKS FOR LEAVE FOR ACCUSED NOS. 14 AND 17 TO VISIT THE DOCTOR THIS MORNING.

LEAVE IS GRANTED.

... / CHRISTOPHER

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

CHRISTOPHER JOHN PETER LABUSCHAGNE, nog onder eed

MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT AS GEVOLG VAN DIE NOODTOESTAND DIE STAAT NIE IN STAAT WAS OM DIE VERDEDIGING VAN DIE NODIGE KWITANSIES TE VOORSIEN NIE.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Labuschagne, alhoewel beskuldigde nr. 19, mnr. Molefe, erken dat die dokumente afskrifte is van die dokumente wat by hom gevind is, sê hy dat uself nie betrokke was by die deursoeking of wegneem van die dokumente nie?

HOF : Waarvan praat u?

MNR. BIZOS : Ek praat van dokumente AAZ(1) tot (5). U was nie daar nie. Daar was 'n kaptein van die uniformtak wat mnr. Molefe gestop het. Hy het die dokumente gevind en hy moes daar gewag het vir ongeveer 'n drie-kwartier tot die Veiligheidspolisie gekom het? -- Ons woon alle padblokkades by wat deur die uniformtak beheer word in ons distrik.

U het nie mnr. Molefe uitgeken nie en hy self kan nie onthou dat hy u ooit gesien het nie, maar dit maak nie saak nie. Hy erken dat die dokumente by hom gevind is. Wil u enige kommentaar daarop lewer? -- Ek kan nie sien dat ek hier kan kom sê dat ek nie die dokumente gekry het as ek dit wel gekry het nie. Ek het daardie dokumente self gekry.

Sê u dat u self die woning gevisenteer het? -- Ek was teenwoordig. Dit is korrek.

In elk geval, ek stel dit aan u dat die kaptein getwyfel het daaraan of hy beslag op die dokumente moet lê of nie en hy het vir die veiligheidspolisie gevra en mense van die veiligheidspolisie het daar gekom en die dokumente nagegaan? -- Soos ek sê, ek betwis nie die feit dat daar 'n kaptein teenwoordig was nie, maar ons woon alle padblokkades by. Waar daar goed van veiligheidsbelang of moontlike veiligheidsbelang

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is, skenk ons onmiddellik aandag aan.

Was u die enigste veiligheidstakpersoon daar teenwoordig? -- Dit is korrek.

Dit was onnodig om vir die veiligheidstak te wag? -- Nee, ons het 'n fotostaatmasjien laat haal, want Cookhouse het nie fotostaatmasjiene nie.

Waar was die fotostaatmasjien ? -- Ons het hom op Cradock laat haal. Hulle het hom van daar af deurgebring.

By die polisiestasie? -- Nee, die fotostaatmasjien was gebring vanaf die veiligheidstak Cradock. Dit is 'n klein fotostaatmasjien.

Waarheen was dit gebring? -- Na Cookhouse toe.

Na die polisiestasie te Cookhouse? -- Dit is korrek.

In elk geval, ek kan aan u geen vrae stel in verband met die ander dokumente nie, omdat ons geen instruksies het nie. Ek wil vir u 'n paar vrae stel in verband met u getuienis oor begrafnisse in Cradock. U sê dat die jongmense, terwyl hulle deur die dorp loop, sing Nkosi Sikilele Afrika? -- Hulle het gehardloop en dit gesing. Dit is korrek.

Nkosi Sikilele Afrika? -- Dit is korrek.

U het later gesê hulle sing rewolusionêre liedere. Is dit een van die rewolusionêre liedere wat hulle sing? -- Dit is korrek.

U beskou Nkosi Sikilele Afrika as 'n rewolusionêre lied? -- Dit is korrek.

Ek sal u nie vra waarom nie, maar ek wil aan u stel dat u sien rewolusie, waar dit nie bestaan nie.

<u>HOF</u> : Wat sê u daarvan? Die advokaat sê u sien rewolusie waar daar nie rewolusie is nie? -- Dit is alles behalwe 'n kerklied wat hulle daar gesing het.

Het ek u goed verstaan. Hulle het kerkliedere gesing en

... / ook

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ook die rewolusionêre Nkosi Sikilele Afrika? -- Nee, u het my verkeerd verstaan. Hulle het nie kerkliedere gesing nie.

Hulle het rewolusionêre liedere gesing soos Nkosi Sikilele Afrika? -- Soortgelyk. Dit is korrek.

En het hulle "Viva Mandela, Viva Thambo en Viva AK 47" gesing tussen die singery van Nkosi Sikilele Afrika? -- Nee, hulle het dit nie gesing nie. Dit was slagspreuke wat hulle geskreeu het.

U sien, die Hof het video's gesien hoe die mense Nkosi Sikilele Afrika sing en ek wil aan u stel dat mense sou nie deur die strate hardloop en raas en dieselfde tyd Nkosi Sikilele Afrika sing nie. Wat sê u daarvan? -- Ek stem nie saam nie. Cradock verskil van ander plekke. Jy kan geen woonbuurt vergelyk met mekaar nie.

Sê u dat u ondervinding het van ander plekke anders as Cradock? -- Nee, ek sal nie so sê nie.

Hoe kan u die vergelyking maak? -- Want daar word gepraat van op ander plekke sing hulle normaalweg nie die goed terwyl hulle hardloop nie. Op Cradock het dit wel gebeur.

Ek wil u vra om asseblief die datum of die naam van die oorledene of enige detail vir ons te gee van enige begrafnis wat te Cradock gehou is en kort daarna 'n huis gebrand is? Ek vra u om die begrafnis te identifiseer en die huis of huise wat gebrand is kort daarna. Laat ons begin met die begrafnis. Wie se begrafnis was dit? -- Dit is moeilik. Ek kan nie die name onthou nie.

Of die datum? -- Ook nie die datums nie, want daar was baie begrafnisse in Cradock gehou, selfs nou nog, omtrent een maal 'n week.

Ek wil u beperk, gedurende die periode September 1984 tot begin Junie 1985, kan u enige begrafnis noem? -- Nee, ek

... / kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

kan nie spesifiek nie, maar na so 'n begrafnis was daar wel huise gebrand.

HOF : Kan u dan nie die oorledene beskryf nie of vir die geleerde advokaat iets gee waaraan hy kan vasknoop watter begrafnis dit is nie? -- Dit was die begrafnis van jeugdiges wat deur polisie-optredes gedood is.

MNR. BIZOS : Watter raadslid se huis is gebrand of beskadig en wanneer? -- Die een wat ek onthou is hierso einde 1984, begin 1985. Dit was Nomavuka. Sy staan bekend as Nomavuka by ons.

HOF : Is dit 'n dame? -- Dit is korrek. Daar was verskeie raadslede se huise wat nog gebrand was, maar ek ken hulle nie so goed nie.

MNR. BIZOS : U weet nie presies wanneer dit was nie en wat daar nog in die gebied gebeur het kort voor die voorval nie? -- Nee.

U weet dat die gemeenskapsleiers of om dit anders te stel, die leiers van die gemeenskapsorganisasies, weet u of hulle toesprake lewer by die begrafnis? -- Nee, ek kan nie so sê nie, want ek is nie teenwoordig nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die leiers van die gemeenskapsorganisasies wat daar bestaan het beroepe gedoen het op die jongmense om nie dade van geweld te pleeg nie? -- Ek het nog nooit so iets gehoor nie.

Omdat u nie daar was nie. U weet nie wat daar aangaan nie.

Weet u van die gewoonte van Swartmense dat na die begrafnis oor is, dat die persone wat die begrafnis bygewoon het - dat daar van hulle verwag word om na die huis van die oorledene te gaan om hulle hande te was en om verversings te kry? -- Ek ken die gewoonte.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het die polisie van tyd tot tyd die terugkeer van die mense van die begrafnis as ŉ onwettige optog beskou?-- As hulle normaalweg stap, kan ek nie sien dat dit as ŉ onwettige optog beskou kan word nie.

HOF : Maar was daar nie gevalle waar optogte verbied was nie? -- Daar was sulke gevalle gewees, maar ek dink dit is buitekant die klagstaattydperk.

MNR. BIZOS : Gedurende die tydperk September tot Julie het die polisie van tyd tot tyd traanrook, sambokke, donshael en rubberkoeëls gebruik om die mense uiteen te jaag wat op pad terug na die huis van die oorledene was? -- Die paar keer wat ek teenwoordig was, het dit nie gebeur nie, maar ons neem normaalweg nie deel aan sulke optredes en goed as daar sulke optredes plaasvind nie.

Dra u kennis dat party jongmense wat die slagoffers van die aanval deur die polisie is, met geweld reageer? -- Ek verstaan nie die vraag baie mooi nie.

HOF : Die stelling is dat as die polisie mense wat vredeliewend in die straat loop aanval met traanrook en/of sambokke, dat daardie jeugdiges dan ook gewelddadig optree daarna? -- Dit is moontlik.

MNR. BIZOS : Traanrook, donshael, sambokke kan miskien onskuldige mense ook tref? Wat ek bedoel met onskuldige mense, dat hulle nie eers deel is van die onwettige optog wat na die begrafnis plaasgevind het nie? -- Dit is logies.

Dra u kennis of sulke onskuldige mense deur rubberkoeëls getref is en dat een of ander van hulle ernstig gewond is en miskien ook doodgeskiet is?-- Soos ek gesê het, ons neem glad nie deel aan sulke optredes en optogte nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het gepraat van rewolusionêre liedere waaroor My Geleerde Vriend u uitgevra het, toe

... / sê

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sê u Nkosi Sikilele Afrika beskou u ook as 'n rewolusionêre lied. Is daar enige andere wat u kan opnoem? -- Nee, ongelukkig nie. Ek ken nie die bewoording daarvan nie.

HOF : Kan u Xhosa praat? -- Ek kan, maar nie baie vlot nie. Ek het dit nie op skool gehad nie.

MNR. FICK : U sê verder vir die Hof u weet van die gewoonte dat na die begrafnis gaan mense na die huis toe van die familie en dan word daar hande gewas en verversings aangebied. Wat het u opgemerk met u eie oë na die begrafnisse? Gaan die mense so terug om dit te doen of gaan net 'n paar of gaan die hele lot of wat is die posisie? -- Soos ek gesê het, na 'n begrafnis word die ouers en familielede toegelaat om die begraafplaasterrein te verlaat. Normaalweg is dit net die volwassenes of die bejaarde mense wat by die wonings is.

U het verder aan die Hof gemeld dat die paar maal wat u by was met betrekking tot die vraag of daar traanrook en ander wapens gebruik is deur die polisie op die mense as hulle terugstap na die huise toe na 'n begrafnis, kan u aandui, was u by enige gevalle waar daar traanrook gebruik was terwyl die mense vreedsaam gestap het? -- Nee, ek kan dit nie sê nie.

Die kere wat u by was en traanrook wel gebruik was, wanneer was dit gewees? As wat gebeur? -- Dit is buitekant die klagstaat, maar dit was na die Goniwe begrafnis.

Nee, wat ek bedoel is, was daar vooraf optrede deur die skares gewees ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die getuie sê dat u besig is om hom te lei buite die klagstaat. Dit lyk vir my hy weet die reëls beter as u.

MNR. FICK : Nee, ek wil net hoor in verband met - dra u enige kennis ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy sê daar was 'n voorval gewees, maar dit val buite die klagstaat en dit het te doen met die Goniwe begrafnis waar

... / u

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

u graag die rooi lap wil bysleep.

MNR. FICK : U dra nie kennis van enige gevalle waar traanrook gebruik is binne die klagstaat nie? -- Ek het gehoor van sulke gevalle, maar ek was nie teenwoordig nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep is Daniël Josef Benade en hierdie getuie sal getuig oor Bedford in die Oos-Kaap.

DANIËL JOSEF BENADE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die polisie en u is gestasioneer te Bedford? -- Dit is korrek.

HOF: Kan u net 'n bietjie agtergrond vir ons gee. Waar lê Bedford presies? -- Tussen Grahamstad en Cradock.

MNR. FICK : Dit is 'n klein plekkie? -- Dit is korrek.

U is nie in die veiligheidspolisie nie? -- Nee, ek is nie.

Is u die stasiebevelvoerder? -- Dit is korrek.

Op 29 April 1985 het u as gevolg van 'n rapport gegaan na die Swartwoongebied daar van Bedford? -- Dit is korrek.

HOF : Het die Swartwoongebied 'n naam? -- Mbongweni.

MNR. FICK : Wat het u gevind toe u daar by die biersaal kom? -- Ek het gevind dat die biersaal brand.

En het u enigiets op die mure opgemerk? -- Daar was slagspreuke aan die mure geverf.

U het foto's laat neem van hierdie slagspreuke en die biersaal? -- Dit is korrek.

Dit sal AAY(22) wees. Daar is sewe foto's. Die eerste foto wat u voor u het, 'n foto van wat is dit? -- Dit is van die ringmuur om die biersaal.

Wat staan op hom geskryf? -- "AND Mandela UDF Africa

... / Mad

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Mad(?) Viva Thambo. Thambo is coming. Thambo is coming."

Die tweede foto wat u het AAY(22)(ii) wat staan op hom geskryf? Eerstens wat is daar afgeneem? -- Dit is ook deel van die ringmuur by die biersaal.

Wat staan op hom? -- "Viva congrets Zonwabo Uhindja Matiwana Uhindja."

Daar aan die heel linkerkant sien ek iets soos "ambo is coming." Is dit nog deel van die vorige foto wat daar uitkom of wat is dit? -- Dit is moontlik.

Hierdie Zonwabo en Matiwana, wie is dit? -- Dit is twee Swartpolisiebeamptes gestasioneer te Bedford se name.

En hierdie Uhindja, wat beteken dit? -- Dit beteken hond.

Dan die volgende foto AAY(22)(iii), wat se foto is dit? Waarvan is dit? -- Dit is ook van die ringmuur.

Kan u aan die Hof uitlees wat staan op die foto? -- "Viva Tutu. Viva Sisulu. Viva long live Viva Sisulu. Mandela is Viva Mkhonto we Sizwe."

Ek wil u na die volgende foto neem AAY(22)(iv). Wat se foto is dit? -- Dit is ook nog deel van die ringmuur.

En wat staan daar? --"Viva Mkhonto Mayibuye Matiwana Maswili Maswili Uhindja."

Die naam Maswili, wie is dit? -- Dit is ook die van van 'n Swartpolisiebeampte van Bedford.

En die volgende foto AAY(22)(v), wat se foto is dit? -- Dit is die muur van die biersaal self.

Wat staan daar? -- "Viva Amandla Mkhonto."

En 'n paar ander letters? -- En 'n paar ander letters.

Dan AAY(22)(vi), wat is dit? -- Dit is ook die muur van die biersaal.

Wat staan daar? -- "Viva Long live ANC. Viva UDF."

En AAY(22)(vii), wat is dit? -- Dit is die biersaal.

... / Van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Van 'n afstand af geneem? -- Dit is korrek.

Wat se skade aantoon soos u dit aangetref het? -- Dit is korrek.

HOF: Is dit nou van binne die muur geneem hierdie foto? -- Die ringmuur is alleenlik aan die agterkant van die biersaal.

Wat agter die gebou is? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Kan u net vir die Hof aandui met betrekking tot die skade aan die biersaal soos u dit aangetref het op 29 April 1985, was dit die eerste geweld wat daar was in Bedford of was daar enige beskadiging van geboue vantevore? -- Die primêre skool se ruite was stukkend gegooi.

Dit was gedurende Maart, 15 Maart wat u dit gevind het? -- Dit is korrek.

HOF : Van 1985?

MNR. FICK : 1985. -- Dit is korrek.

En gedurende April, was daar enige aanvalle op polisie of polisiewonings of iets van die geaardheid? -- Op 'n Swartpolisieman se woning was daar 'n aanval gewees.

HOF : Op die 29ste?

MNR. FICK : Op dieselfde dag of voor die tyd?-- Dit was die aand van die 28ste gewees.

HOF : Wie is die polisiebeampte? -- Stemele. Konstabel Stemele.

MNR. FICK : Die name wat ons op die muur gesien het, dit is nie een van sy ander name nie? -- Matiwana is sy naam.

Die naam wat ons op die muur gesien het en sy van is Stemele? -- Dit is korrek.

HOF : Was sy huis aangeval met klippe of met iets anders? -- Met klippe.

MNR. FICK : Die Swartpolisiebeamptes in Bedford, bly hulle nog in hulle wonings of is hulle verskuif of wat het gebeur? -- Twee het ontruim, twee is nog woonagtig in die Swartwoongebied.

... / KRUISONDERVRAGING

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Wanneer was die huis van konstabel Stemele beskadig? -- Op die aand van die 28ste.

Het u enige persoonlike kennis van die omstandighede van die aanval? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

HOF : Was u by die aanval? -- Ek was nie teenwoordig gewees nie.

MNR. BIZOS : Kan u sê of daar enige moeilikheid by die polisieman se huis was voor dit aangeval was op die 28ste? -- Nee.

Dra u kennis van die feit dat voor die polisieman se huis aangeval was, die polisieman 'n vuurwapen gebruik het en dat ene Sylvia Vena gewond is? -- Ek weet dat sy gewond was en dat hy sy wapen gebruik het.

Was dit 'n dag voor die polisieman se huis aangeval was? Dat die vuurwapen gebruik was? -- Nee.

HOF : Wanneer was dit? -- Dieselfde aand wat sy huis beskadig was.

Was dit met die aanval? -- Met die aanval.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat dit die dag daarna was? Dat die jong dogter gewond is en die aanval by die polisieman se huis die dag daarna was? -- Dit was dieselfde aand.

U dra geen persoonlike kennis nie? -- Nee, ek was nie teenwoordig gewees nie.

HOF: Ons kan dit opklaar. Moet 'n polisieman wat 'n vuurwapen gebruik 'n rapport maak by die polisie-kantoor as hy dit gebruik het? -- Dit is korrek. As gevolg van die rapport het ek daarheen gegaan.

Het u die rapport gekry en toe dadelik gegaan? -- Onmiddellik daarna.

En wat vind u toe? -- Toe het ek gevind dat daar vyf skote afgevuur was en ek het die gewonde persoon daar aangetref.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was die huis toe al aangeval of nie? -- Hy was reeds aangeval.

MNR. BIZOS : Hoe weet u dat dit reeds aangeval was? -- Die ruite was stukkend gegooi.

Ek wil aan u stel dat dit op twee verskillende dae was en dat die eerste dag toe Sylvia Vena gewond was, daar geen aanval was by die polisieman se huis nie, maar die rede waarom die polisieman geskiet het is dat 'n groep jongmense op die straat was wat gesing het? -- Nee. Toe die rapport aan my gemaak is, het ek daarheen gegaan en ek het gevind dat die man se huis se ruite beskadig is en dat hy vyf skote met 'n R1 geweer afgevuur het.

Miskien is u reg dat die konstabel 'n rapport ingedien het dat Sylvia Vena en andere sy huis aangeval het, omdat sy gearresteer was saam met ene Bakawuli. Hulle is aangekla van openbare geweld teenoor die polisie se huis. Dra u kennis daarvan? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

HOF : Weet u dat daar 'n saak was teen mense oor openbare geweldpleging teenoor die polisieman se huis? -- Daar was 'n saak aangemeld gewees.

Was hierdie mense betrokke by die saak, die Bakawuli en Vena, Sylvia Vena? -- Bakawuli kan ek my nie herinner nie, maar Sylvia was wel in die saak.

MNR. BIZOS : Weet u of die konstabel se weergawe was dat die Vena wat hy geskiet het en haar maats besig was om sy huis aan te val? Dat dit die rede is waarom hy Vena geskiet het? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u kennis of die weergawe van die konstabel aanvaar is deur die Hof of nie? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Dra u kennis van die feit dat Vena en die ander beskuldigde onskuldig bevind is en ontslaan? -- Nee, ek dra

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie kennis nie.

BESKULDIGDE NR. 17 VERLAAT DIE HOF TEN EINDE DOKTERSAFSPRAAK NA TE KOM.

MNR. BIZOS : Was die 28ste 'n Sondag? Weet u?

HOF : Die 28ste van April?

MNR. BIZOS : Van 1985. Was dit 'n Sondag? -- Ek is nie seker nie.

HOF : Dit was blykbaar volgens die kalender.

MNR. BIZOS : Wanneer het u die foto's geneem of laat neem? -- 30 April.

Dit sou op die Dinsdag gewees het? -- Ja.

Sal u saamstem dat die aanval op die biersaal na die gebeure van die jong Vena se verwonding plaasgevind het? -- Ja.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Die polisieman se huis is in die aand aangeval? -- Dit is korrek.

Hoe laat was die aanval op die biersaal? -- Dit was gedurende die oggend gewees.

Die volgende oggend? -- Die volgende oggend.

MNR. BIZOS : Was die skrif op die muur reeds daar op die 28ste of het dit vir die eerste keer op die 29ste voorgekom? -- Ek het dit die 29ste opgemerk.

HOF : Sou u dit opgemerk het as dit vroeër daar was? -- Ek glo ek sou.

MNR. BIZOS : Kan ons aanvaar dat die skrif na die beskadiging van die biersaal geskryf was? -- Ja, ek glo so.

HOF : Na die biersaal gebrand is, is dit geskryf, dink u? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Omdat dit nie daar op die oggend van die 28ste was toe die biersaal beskadig is nie?

HOF : Dit is op die 29ste beskadig. Die aand van die 28ste

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was dit die konstabel se huis en die oggend van die 29ste was dit die biersaal.

MNR. BIZOS : Het u die skrif op die 28ste of die 29ste opgemerk? -- Die 29ste.

Hoe laat op die 29ste het u dit opgemerk? -- Ek kan u nie 'n presiese tyd gee nie, maar dit was deur die loop van die dag gewees.

Niemand is gearresteer in verband met die skryf van die slagspreuke op die muur nie? -- Ek dra geen kennis van enige arrestasies in verband daarmee nie.

Weet u of enige ondersoek ingestel is na die aard van die verf of die vingerafdrukke en of daar enige soektog was na 'n soortgelyke verf of enige ander getuienis wat die identiteit van die skrywer miskien sal openbaar? -- Die identiteit van die skrywers is nie vasgestel nie.

Wie was die ondersoekbeampte? Weet u? Was dit u? -- Nee, ek het nie self die saak ondersoek nie.

Weet u of daar enige ondersoek was of die persoon of persone op enige ander dorp soortgelyke inskrywings gemaak het? -- Ek dra nie kennis nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep sal wees Charles Richard Woods. Hy getuig ook oor Bedford.

CHARLES RICHARD WOODS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n sersant in die polisie gestasioneer te Bedford? -- Dit is korrek.

U is op 30 April 1985 die oggend na die gemeenskapsaal ontbied binne-in die Swartwoongebied by Bedford? -- Dit is korrek.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het u gevind toe u daar kom? -- Daar was slagspreuke aan die gemeenskapsaal aangebring.

Was die gemeenskapsaal op daardie stadium beskadig? -- Nee, die gemeenskapsaal was nie beskadig gewees op daardie stadium nie. Slegs slagspreuke was aangebring.

Die saal is later beskadig? -- Die saal is gedurende Julie 1985 beskadig.

Hoe is hy beskadig? -- Hy is gebrand.

Ek wil u 'n foto toon, AAY(23). Herken u die gebou op die foto? -- Dit is korrek. Dit is die gemeenskapsaal te Bedford.

Volgens die foto is die gebou blykbaar gebrand? -- Dit is korrek.

Weet u hoe lank na die beskadiging van die gebou die foto geneem is? -- Die dag daarna.

HOF : Die spreuke wat u op hierdie gebou sien, is nie die spreuke - nee, ekskuus, gaan maar voort.

MNR. FICK : Kan u aan die Hof meld wat is die spreuke wat u op die foto sien? -- "Maswili Hindja. Long live UDF." Dan aan die deur was UDF en ANC. Dan "Viva Mkhonto we Sizwe."

Ek sien toe die foto geneem is het die deure oop gestaan. Maar u sê wat u op die deur gesien het, was UDF en ANC? -- Dit is korrek. Die deur was oop toe die foto geneem is.

Hoe laat die 30ste April was u by die plek? Hoe laat het u daar aangekom? -- Ongeveer 09h00 die oggend.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Woods, dit is duidelik, is dit nie, dat die foto geneem is na die gemeenskapsaal gebrand was? -- Dit is korrek.

U sê die slagspreuke was daar op die 30ste April en die gemeenskapsaal is gebrand gedurende Juliemaand? -- Dit is korrek.

... / Op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Op watter datum in Juliemaand? -- Ek is nie seker nie. Ek dink 23 Julie.

Amper drie maande daarna? -- Dit is so.

En niemand het blykbaar enige stappe geneem om die slagspreuke uit te vee gedurende die tydperk nie? -- Nee.

Alhoewel dit Staatseiendom - is dit 'n Munisipale gebou of 'n Raadsgebou? Aan wie behoort die gebou? -- Aan die Oos-Kaap Ontwikkelingsraad.

U dra geen kennis van die identiteit van die persoon wat verantwoordelik was vir die beskadiging van die gemeenskapsaal nie? -- Nee.

Ons instruksies gaan nie so ver in Juliemaand in nie, maar kan u vir ons sê of daar enige gebeurtenis was wat plaasgevind het, enige gebeurtenis van belang, in die gemeenskap voor die datum van die beskadiging van die gemeenskapsaal? -- Ja, ek kan.

Wat het daar gebeur? -- Die een huis van 'n polisieman was gebrand asook die biersaal te Bedford.

Weet u wie dit gedoen het en waarom en wat onmiddellik voor dit gebeur het? -- Nee, ek weet nie wie dit gedoen het nie.

Of wat in die gemeenskap plaasgevind het nie? -- Ek weet niks nie.

Is u in die veiligheidspolisie? -- Nee, ek is uniformtak.

U weet seker nie hoekom niemand stappe geneem het om die slagspreuke uit te vee nie? -- Nee, ek weet nie.

<u>HOF</u> : Hoe groot is Bedford? Hoeveel Blankes en hoeveel Swartmense woon daar? -- Daar is ongeveer 10,000 Nie-Blankes en kleurlinge ongeveer so 4,000 na 5,000 en Blankes so 2,000. Dit is die plaasgemeenskap ingesluit.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>.

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Die Staat roep die volgende getuie Ncedile William Mantewu. Hierdie persoon gaan getuig oor Adelaide. Dit is paragraaf 30, bladsy 81 van die besonderhede, daad 66.

NCEDILE WILLIAM MANTEWU, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n konstabel in die polisie en u is gestasioneer te Adelaide en u is in die veiligheidstak? -- Ja, ek is.

Op 11 April 1985 was u by u huis gewees gedurende die aand? -- Ja, ek was.

Waar is u huis? -- New Town Location.

Is dit die Swartwoongebied van Adelaide? -- Ja, dit is so.

Konstabel Springbok, ken u hom? -- Ja.

Hoe ver van u af woon hy? -- Dit is 'n blok verder van my huis af. Dit wil sê hy woon in die derde blok van my blok af.

HOF : Daar is een volle blok tussen u blok en sy blok? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : In dieselfde straat? -- Ja, in dieselfde straat.

Ongeveer 21h30 het u uit u huis gegaan as gevolg van 'n geraas wat u gehoor het? -- Ja, ek het baie mense daar gesien.

Waar het u die baie mense gesien? In die erf of in die straat of waar? -- Hulle was in die straat gewees in die rigting van my huis.

Kan u enige getal noem? -- Ongeveer vyfhonderd.

HOF : Het hulle van die kant van konstabel Springbok se huis gekom of van watter kant? -- Hulle het van die ander kant af gekom.

MNR. FICK : Wat se geraas het hulle gemaak, hierdie klomp wat daar gekom het? -- Hulle het vuiste opgelig en die volgende geskreeu "Viva Thambo, Viva UDF, Viva ANC, Viva Mandela."

... / Nog

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Nog iets of is dit al wat hulle geskreeu het? Het u enigiets gehoor in verband met die regering of 'n regeringspersoon? -- Ja, elke keer as hulle sê Botha, dan sê hulle "Voetsek."

Hulle skreeu "Botha" en dan skreeu hulle "Voetsek"? -- Ja, dit is so.

Die mense kom nou aan na u huis toe en wat gebeur toe? -- Toe hulle voor my huis gekom het, het hulle gestaan. Hulle sê toe ek moet uitkom dat hulle my doodmaak.

Het hulle vir jou geskreeu jy moet uitkom of het hulle iemand na jou gestuur? -- Hulle het my daar hard geroep.

En het jy gegaan? -- Nee, ek het nie na hulle toe gegaan nie.

Wat het jy toe gedoen? -- Ek het voor die huis gestaan.

Wat gebeur toe? -- Hulle het toe klippe gegooi en toe is hulle weer weg.

Waarheen het hulle klippe gegooi? -- Hulle het die klippe teen die deure gegooi sowel as op die dak van die huis.

Is jou huis beskadig? -- Nee.

En jyself het jy enige optrede teen hierdie mense gedoen, opgetree teen hulle? -- Nee.

Waarheen loop hulle toe? -- Hulle loop in die rigting van Springbok se woning.

En terwyl hulle daar na konstabel Springbok se huis toe loop, was hulle stil of luidrugtig? -- Hulle het dieselfde geraas as wat hulle vroeër gemaak het terwyl hulle nog op pad was in my huis se rigting.

Bedoel u nou die slagspreuke geskreeu? -- Ja.

Het u gaan kyk wat maak hulle daar by konstabel Springbok? -- Nee, ek het nie gegaan nie.

Het u gehoor wat het daar gebeur? -- Ja, terwyl ek nog

... / daar

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

daar staan het ek gehoor dat hulle besig was om klippe te gooi daar by Springbok.

Het jy enigsins gehoor of konstabel Springbok optree teen hulle? Kon jy hoor? -- Ja, ek kon hoor dat hy skiet.

Het u later die aand met konstabel gepraat? -- Na die persone gevlug het, het Springbok na my huis toe gekom.

Het jy daarna konstabel Springbok se huis gesien? -- Ek is saam met hom weg na sy huis toe. Met ons aankoms daar het ek opgemerk dat die huis se vensterruite stukkend was.

Hierdie voorval is toe gerapporteer aan die bevelvoerder? -- Ja.

Is daar enige straatligte in die straat waar jy en konstabel Springbok gewoon het op eaardie stadium? -- Nee, daar was geen.

Woon u nog in daardie huis en woon konstabel Springbok ook nog in sy huis? -- Nee, ons het getrek.

Na daardie aanval of baie later eers? -- Omtrent drie weke of 'n maand na die voorval het ons getrek.

Waar woon julle nou? -- In die dorp.

Adelaide self? -- Dit is so.

Is al die Swartpolisiebeamptes uit die Swartwoongebied uit? -- Ja, dit is so.

Na hierdie voorval die betrokke aand by u en konstabel Springbok se huis, was daar enige verdere aanvalle by u gewees? Dit is gedurende April 1985?

HOF : Hierdie aanval was in April 1985. So, in dieselfde maand, was daar nog aanvalle? -- Nee, nie in Aprilmaand nie.

MNR. FICK : Het u enigsins gedurende April 1985 weer skares in die straat gesien rondloop op die wyse wat hulle die aand geloop het? -- Ja, hulle het weer.

Gereeld, elke aand, een keer 'n week? -- Elke aand.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was dit so 'n groot groep soos u beskryf het van ongeveer vyfhonderd mense of hoeveel was dit? -- Dit het gewissel. Partykeer was hulle omtrent dieselfde getal. Ander kere was hulle meer of partykeer minder.

Het hulle in stilte deur die strate gestap? -- Nee, hulle het gesing.

Weet u wat hulle gesing het? -- Ja, hulle het gesing "Sikulule Thambo."

Kan u vir die Hof sê wat dit beteken? -- Ek weet nie wat dit beteken nie.

Was daar enige geskreeuery gewees terwyl hierdie groepe deur die strate gestap het of 'n gesingery? -- Hulle het net gesing.

Weet u of daar enige vergaderings - uit u eie kennis uit - gehou was in April 1985 daar in die Swartwoonbuurt? -- Nee, ek weet van geen .

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : On 11 April 1985, were you yourself in possession of a fire-arm? -- Yes, I did have one.

But you did not use it? -- No, I did not.

This was despite the fact that this crowd of approximately five hundred were singing, people passing your house also threw stones at your house? -- They did not damage anything. That is why I did not use it.

Are you wellknown as a policeman there? -- Yes.

Did the crowd slow down or stop outside your house in order to sing what they were singing? -- Yes.

But you being a well-trained policeman were not going to be provoked by young people singing outside your house? -- Well, they were making noise and doing nothing.

Die you come to the conclusion that they really stopped outside your house to sing because you were a policeman? --

... / That

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

That is so.

Because I think that His Lordship must have come to the conclusion that by this time in April 1985 policemen were not very popular in the Black areas?

COURT : I do not think you should tell the witness what my conclusion should be by this time. Why do you not ask him whether policemen were popular in the particular Black area which he knows.

MR BIZOS : Were policemen popular in your area at this stage in April 1985? -- Yes, they were popular.

COURT : Up to this stage, up to this night of April 1985, had there been any incidents where the populous had acted against the police as a crowd? -- No.

MR BIZOS : And after the crowd stood for a while outside your house and sang, they went further in the direction of Mr Springbok's house? -- That is so.

You yourself did not see whether there was an attack on Springbok's house before there was shooting by the policeman Springbok? -- I did not see what was happening there. I could only hear the sound of the throwing of stones.

Assuming that Springbok may be called, but I must put to you as a fair - well, I must put to you what the evidence will be in this regard. The crowd, when it was before Springbok's house, did it behave differently than it behaved when it was in front of your house? -- I could not say. I was not there.

I must put to you - is it Constable Springbok, by the way? -- Constable.

That Constable Springbok's response to the singing was to come to his window with his gun and fire a number of shots into the crowd mortally wounding Thembaletu Dikane and

... / inflicted

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

inflicted a serious wound, stomach wound on another person? Have you any knowledge of this fact that one was killed and another seriously injured? -- Yes, I have.

COURT : Is this correct what is being put to you? -- This happened while I was not there. When I say yes, I know, I mean I am aware that one of the people was killed and another one was injured.

MR BIZOS : It came to your knowledge shortly thereafter? -- That?

That a person was killed and another injured? -- Yes.

You told His Lordship that in your community things were - that your community was well disposed towards the police. As a result of this incident, did the attitude change? -- Yes, it changed.

After this incident, was there what we used to call in the old days a "klopjag"? -- What is "klopjag"?

A raid? That the police worked from house to house searching, arresting, asking questions and unhappily, I must put to you, breaking doors down. Well, let us take it step by step. Was there a raid? Did the police raid the township after this? -- Yes, there was a raid.

I do not expect oyou to either admit or deny the truth of what I am going to put to you, but were there complaints by the community that the polise harassed the whole township? -- I do not have an idea of that.

Did you and Constable Springbok and Constable Mbulelo Tom go to the house of Mr Josef Botha at C8 New Town Location Adelaide?

COURT : Be more specific, in what period?

MR BIZOS : On 11 April 1985 at 23h00? Did you go there? -- I cannot remember.

... / Did

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Did you open the door or did you kick it down? -- I cannot remember.

It is a strange answer for a police officer. Do you remember whether you kicked any doors down on that night? -- I cannot remember.

So, that if I were to put to you that the evidence will be that Mr Josef Botha's door was broken down by you and your colleagues, you will not be able to deny it? -- I do not have knowledge of that.

Were you carrying any sjambok? -- Do you mean at the time?

Yes? -- No, I did not.

How were you armed? -- I had my revolver on me.

Did your colleagues have sjamboks? -- It is possible. I cannot quite remember.

Why would you remember what the slogan was and not remember whether your colleagues entered this house with sjamboks or not? Why is your memory selective? -- I cannot remember everything.

Do you recall whether a man called Patrick Monde Nkonki was also sleeping at Mr Botha's house? -- I cannot remember.

Do you remember whether you took any people out of any house who were naked? -- I do not remember.

By saying that you do not remember, do you not remember whether you took people out of their houses naked or not? Is that what you mean? -- That is what I am saying.

Do you recall any particular - let me put it this way. Taking people naked out of their homes after 23h00 at night was that so a regular occurrence that you cannot say whether it happened on this occasion or not? -- I do not remember.

... /Do

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Do you remember whether you took any people out of their houses who were bleeding? -- I do not remember.

Does that mean that you are unable to admit or deny that you, Springbok and Tom took people out of their houses who

K343 were bleeding?-- I cannot remember.

Do you remember whether any of the people that you arrested in this raid had to be taken to hospital? -- No, I cannot remember.

Is it so regular an occurrence that people that you take to the police station are bleeding and taken to the police station that you cannot remember whether this happened on 11 April or not? -- I do not remember.

COURT : I just want to place on record that accused no. 17 has come back.

MR BIZOS : Do you know Mr Josef Botha? -- Yes, I do.

Did you see him on 11 April 1985? -- I cannot remember seeing him.

Do you not remember taking Mr Botha to the police station on the 11th? -- No, I do not remember.

Do you know Mr Nkonki? -- Yes, I do.

Did you see him after 23h00 on 11 April 1985? -- No, I did not see him.

Do you recall locking up two naked men on that night? -- I cannot remember.

Does this mean that the locking up of naked men is not so unusual an occurrence that you would not remember if it happened?-- I do not remember that happening.

Well, if some of the things that you cannot remember happened did happen, would you be surprise that the attitude of your community towards you as policeman was not very friendly after the 11th of April? -- No, I would not be in

... / good

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

good terms with the police.

When were you first asked to make a statement in regard to the matters that you have described to His Lordship this morning? -- After the day of the incident. It can be a few days thereafter, but it was after the incident.

Did you make any other statement except the one that you made after a couple of days? -- Do you mean a second one?

Yes? Did you make a seond one? -- (No reply)

What is the problem? -- Yes, there is one.

How long before you came down to Delmas? -- It was during December.

198 ..? -- 1985.

Was that the first time that you mentioned the UDF? -- Yes.

Was that the first time that you mentioned that they sang "Viva ANC"? -- That is so.

And all the other slogans that you mentioned? -- That is so.

So, we can assume that you did not mention the slogans in the first statement that you made shortly after the events? -- Yes, that is so.

So much time has passed and so many things have happened in your community. Is there any explanation why you did not make mention of these slogans in the first statement and you made mention of these slogans in the second statement? -- There is no reason.

Tell me, whilst this groupof people were in front of your house singing, except for the singing, was there any direct threat to you? -- Yes, they did say "Come out, Mantewu, so that we kill you."

And you ignored it? -- I ignored it.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was it just one person who shouted this out? -- Yes, only one person from the group.

Could you be seen by them? Could you be seen by the crowd? -- I do not know whether they could see me or not.

COURT : Were you inside your house? -- No, I was outside.

In your yard? -- Yes, in the yard.

Is your yard fenced off?-- Yes.

Security fence? -- No, it is the usual ordinary fence. It is an ordinary wire fence.

MR BIZOS : The one that comes up to the chest, about 4'6"? -- Yes.

Were there any stones thrown at your house? -- Yes, there were stones thrown.

How many stones? -- I didnot count.

But they caused no damage at all? -- No, no damage.

Were they thrown on the roof or against the walls? -- Some landed on the roof, some at the door.

You do not know how many people threw stones at your house and who they were? -- That is true, I do not know that.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Uit u eie kennis, nie wat die mense vir u gesê het of wat u êrens in die straat gehoor het nie, weet u waarom die mense daardie aand na u huis en Springbok se huis toe gekom het? -- Ek dra geen kennis nie.

Die eerste verklaring wat u van praat wat u afgelê het, was dit nadat daar vasgestel is daar is 'n persoon dood en daar is persone gewond by Springbok se huis? -- Ja, dit is na dit.

En hierdie eerste verklaring van u, het dit daaroor ook gehandel? Is u gevra wat weet u van die dood en die besering van die man? -- Nee, ek was nie gevra oor die dood van die persoon nie.

Was u gevra in verband met enige kennis wat u het van die

... / gebeure

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebeure van die aand? -- Dit is so,ja.

En aan wie het u hierdie verklaring gemaak? Aan 'n veiligheidspolisieman, een van u stasie se lede of waar? -- By my stasie.

Aan die bevelvoerder of aan een van die sersante of konstabels? -- Stasiebevelvoerder.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Hoe groot is New Town Location? Dit wil sê min of meer hoeveel mense woon daar? -- Ek sal nie weet nie.

Naastenby 1,000, 2,000? -- Nee, ek weet nie.

U het gesê die aand was daar ongeveer 500 wat by u huis verby gekom het? -- Ja.

Woon daar baie meer mense in New Town Location? -- New Town is een van die lokasies daar. New Town is waar ek gebly het, maar daar is nog ander lokasies in die omgewing.

Is hulle naby aan mekaar? -- Ja, naby aan mekaar.

Waar werk die mense van New Town Location? Waar word hulle geëmplojeer? -- Hulle is werksaam te Adelaide. Daar is natuurlik van hulle wat werkloos is.

Is daar fabrieke by Adelaide? -- Nee, daar is nie fabrieke nie. Daar is net een fabriek en dit is die lemoenfabriek.

Die aand van die 11de toe die mense by u huis aankom en u die gesing en die spreuke hoor, was dit die eerste keer dat u so iets gemerk het in New Town Location? Dit is die gesing en die spreuke wat geskreeu word? -- Dit was die eerste keer.

Het u die spreuke geken soos "Viva Thambo. Viva Mandela." Of kon u dit herken aan die sang? -- Ek het dit vantevore geken.

Waar het u dit gehoor? -- Hierdie gebeure het plaasgevind by ander plekke, byvoorbeeld Cradock. Dit was dus vir

... / ons

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ons nodig om daar te gaan werk tydens die voorvalle en dit is waar ons die goed vantevore gehoor het.

Het u op Cradock gaan werk tydens die voorvalle? -- Ja, ons het spesiale diens daar gaan verrig.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

- - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, ek roep Samuel Alfeus Du Pisanie.

SAMUEL ALFEUS DU PISANIE, v.o.e.

MNR. HANEKOM : U Edele, hierdie getuie getuig oor Somerset-Oos.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Somer-Set-Oos. -- Dit is korrek.

Hoeveel Swartwoongebiede is in Somerset-Oos? -- Drie.

Wat is hulle name? -- Ou Swartwoonbuurt, New Brighton en Mnandi.

Wat is die populasie min of meer van die drie gebiede saam? -- So tussen 17 en 19,000.

En die Blankebevolkingsyfer van Somerset-Oos? -- 3,500.

Het daar in 1984 geweld en onrus in Somerset-Oos uit-gebreek? -- Gedurende Oktober 1984.

Was dit vir u as polisiebeampte - het u iets opgemerk voor die uitbreek van die onrus in Oktober 1984 in die gebiede? -- Ja, daar was georganiseer in die gebiede.

Is daar vergaderings gehou? -- Daar was vergaderings gehou.

Weet u watter organisasies het vergaderings gehou? -- Nee, ek weet nie.

Hoe weet u van die vergaderings wat gehou was? -- Daar was plakkate opgeplak wat byeenkomste bymekaar geroep het.

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is pamflette versprei in die Swartwoonbuurt? -- Daar is ook pamflette versprei.

Het u op van die pamflette beslag gelê? -- Ek het op van dit beslag gelê.

Het u nog van die pamflette in u besit? -- Nee.

Wat het daarvan geword? -- Ek het dit aan die veiligheidspolisie oorhandig.

Op 11 Februarie 1985 gedurende die oggend was u aan diens? -- Dit is korrek.

In watter gebied? -- In New Brighton.

Wat het daar gebeur? -- Daar het 'n groep opgemars na die Administrasieraadskantore.

Is dit 'n groep van wat? Jeugdiges? -- Jeugdiges.

Swartjeugdiges? -- Swartjeugdiges.

Hoe groot was die groep ongeveer? -- Na skatting ongeveer honderd.

Kon u bepaal of die groep aangevoer was deur enigiemand? -- Hulle was aangevoer deur 'n Swartjeugdige met die naam Andile Ntsundu.

Weet u of die persoon aan enige organisasie verbonde was? -- Sover my kennis strek aan COSAS.

Het u die groep se beweging dopgehou? -- Ek het hulle dopgehou.

Wat het hulle gemaak? -- Hulle het gegaan na die woongebied se bestuurder se kantoor.

Wat het daar gebeur? -- Terwyl ek observasie gehou het, het ek gesien dat hulle by die kantore ingaan. Kort daarna het hulle weer uitgekom. Die woongebiedsbestuurder, mnr. Ridge en die Swartburgemeester Joël Memese het ook uitgekom en in die woongebiedsbestuurder se voertuig geklim. Die voertuig waarmee hulle gery het, was toe onder klippe gesteek.


Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Deur wie? -- Deur die groep jeugdiges.

Ja? -- Nadat hulle weggery het, het die groep in 'n oostelike rigting beweeg in New Brighton woongebied. Kort daarna was berig ontvang ... (Mnr. Hanekom kom tussenbei)

Net voordat u van die toneel af weggaan, het u opgetree toe die groep die voertuig van die bestuurder en die burgemeester met klippe gegooi het? -- Nee, daar was geen optrede nie.

U sê u het berig ontvang. Waarvan? -- Dat die Swartburgemeester se woonhuis in Mnandi aangeval word deurdat dit met klippe gegooi word.

Het u daarheen gegaan? -- Terwyl op pad daarheen, was 'n tweede berig ontvang dat die huis van Petrus Antonie, die bestuurder van die biersaal, ook aangeval word met klippe. Toe ek vergesel van vier ander lede die Nnandi-gebied binnegaan in Gwalangwalastraat, het ek op 'n groep jeugdiges afgekom ongeveer plus-minus drie-honderd in getal. My voertuig was toe ook met klippe gegooi. Daarna het ek gegaan na die huis van Joël Memese om ondersoek in te stel.

Net voordat ons verder gaan, die groep van plus-minus driehonderd wat u daar aangetref het, was dit 'n ander groep as die groep wat u aanvanklik by die kantore aangetref het onder leiding van Andile Ntsundu? -- Ek het nie toe vir Andile Ntsundu gesien tussen daardie groep nie.

Wat was u indruk? Was dit heeltemal 'n ander groep of kon dit dieselfde groep gewees het? -- Dit kon van dieselfde groep gewees het.

Goed, u sê u is na die huis van die burgemeester. -- Met aankoms daar het ek gevind dat al die ruite, die voordeur en van die asbesdakplate stukkend gegooi was sowel as van die meubels in die huis was beskadig. Die skade was beraam

... / op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

op R4 000,00. Ek het twee vullisdromme vol klippe in die huis bymekaar gemaak. Daarna is ek na die huis van Petrus Antonie. Ek het gevind dat ook ruite stukkend gegooi was, die voordeur van die huis was ook stukkend gegooi en die sitkamerstel was beskadig. Ek het die skade gebaseer op ongeveer R3 000,00.

Was daardie dag, 11 Februarie, enige verdere voorvalle? -- Nie op 11 Februarie nie.

Die biersaal wat u genoem het, aan wie behoort dit? -- Dit is op 'n 51% basis aan 'n mnr. Hume van Willowmore.

En die ander? -- Ek dra nie kennis wie is die ander nie.

HOF : So, dit is 'n privaat biersaal? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Op 13 Februarie 1985, waar was u aan diens? In watter gebied? -- In die New Brighton woongebied.

Wat het gebeur? -- 'n Rapport was ontvang dat die woonhuis van raadsklerk Richard Jose aangeval was met petrolbomme.

HOF : Die Raad is die 'n Gemeenskapsraad? -- Gemeenskapsraad.

En dit is hulle klerk? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Watter tyd van die dag was dit? Was dit die oggend of die middag? -- Dit was die aand.

Het u na die huis gegaan? -- Ek het na die huis gegaan.

Wat het u gevind? -- Ek het gevind dat die huis gedeeltelik gebrand het, die kombuisgedeelte, die gordyne en 'n kombuiskas wat direk onder 'n venster gestaan het. Ek het ook 'n stukkende bottel in die huis gevind wat die reuk van petrol gehad het.

Wat het verder die aand gebeur? -- Dieselfde aand was ek ontbied na die huis van raadslid Dickson Ngenye.

Is dit nog in New Brighton? -- In die ou Swartwoonbuurt.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het gevind dat die kombuisdeur swart gebrand was. Onder die deur het ek lappe gevind wat gedeeltelik gebrand was en met paraffien deurweek

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was.

Was daar mense in die huis op daardie stadium, van die inwoners? -- Die inwoners was in die huis.

Wat het verder gebeur? -- Daarna was daar sporadiese aanvalle op polisievoertuie wat patrollie gedoen het in die Swartwoonbuurtes.

HOF : Op dieselfde aand? -- Nee, na die volgende dag.

Wat se soort aanvalle? Klipgooi? -- Klipgooi na polisievoertuie.

MNR. HANEKOM : Dit was op 14 Februarie? -- Dit is korrek.

Na daardie dag het dit stil geraak in die woonbuurt vir 'n tydjie? -- Dit is korrek.

Op 3 Maart 1985 op 'n Sondag, was u weer aan diens in die Swartwoongebiede? -- Ek was aan diens by die polisiestasie.

Wat het gebeur? -- Berig is toe ontvang dat twee Blankevoertuie wat deur die Swartwoongebied gery het aangeval was met klippe. As gevolg van hierdie aanvalle het twee Blankepersone beserings opgedoen. Kort daarna het ek die Swartwoongebied ingegaan vergesel van twee ander lede.

Watter tyd van die dag was dit? -- Ongeveer 15h00. Ek het met 'n privaat bakkie gery. Ek het reg voor die gemeenskapsaal op 'n groep afgekom van plus-minus honderd Swartjeugdiges. Hulle het gesing en gedans daar.

Kon u hoor wat hulle sing? -- Nee.

Ja? -- Toe ek regoor hulle verbyry, het hulle die voertuig onmiddellik aangeval en met klippe gegooi. Een van die lede het toe gevuur op die groep.

Waarmee? -- Met 'n donshaelgeweer.

Is enige persoon beseer? -- Een persoon was lig verwond gewees.

Was daar nie verdere voorvalle die dag nie? -- Nee.

... / Op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Op 16 Maart 1985 was daar 'n begrafnis van 'n Swartpersoon in Somerset-Oos in die Swartwoonbuurt? -- Dit is korrek.

Wie se begrafnis was dit? -- Dit was Deborah Memese.

HOF : Is dit familie van die burgemeester? -- Ek weet nie.

MNR. HANEKOM : Weet u hoe het sy aan haar einde gekom? -- Sy is in 'n motorongeluk oorlede.

Was sy aan enige organisasie verbonde of weet u nie? -- Sover my kennis strek, ja.

Aan watter organisasie? -- Aan COSAS.

Waar is die begrafnisdiens gehou? -- Die begrafnisdiens was in die Anglikaanse Kerk in nandi woonbuurt.

Het u observasie gehou by die begraafplaas? -- Dit is korrek.

Het u enige prominente begrafnisgangers geëien? -- Ek het.

Wie was dit? -- Mathew Goniwe.

Was hy aan enige organisasie verbonde? -- Sover my kennis strek, ja.

Watter organisasie? -- Aan UDF.

Weet u wat sy posisie was in die UDF? -- Volgens my kennis die streeksorganiseerder van Oos-Kaap.

Wat het na die begrafnisdiens in die kerk gebeur? -- Toe die kerk uitgekom het, het Mathew Goniwe die stoet gelei na die begraafplaas met sy motor. Na afhandeling by die begraafplaas, het hy weer die begrafnisgangers gelei na die New Brighton Swartwoongebied na die huis van die oorledene.

Eet die optog van die begraafplaas af na die oorledene se huis toe ordelik verloop? Was hulle stil of wat was die posisie? -- Hulle het weer geloop en sing.

Kon u hoor waaroor gesing is? -- Hulle het van Mandela en Oliver Thambo gesing.

Gaan voort, asseblief. -- Die huis van die oorledene is

... / naby

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

naby die biersaal en Administrasiekantore. Kort na aankoms van die groep begrafnisgangers by die huis van die oorledene het ek gesien dat hulle in 'n massa-groep beweeg na die rigting van die biersaal en Administrasiekantore. Na skatting ongeveer drieduisend mense.

Het u op daardie stadium vir Mathew Goniwe gesien? -- Nee, hy het toe net verdwyn daar.

Gaan voort, asseblief? -- Onmiddellik daarna het ek gesien dat daar toe 'n aanval oorgegaan word op die biersaal. Die biersaal het in vlamme opgegaan, asook 'n kafee wat aan die biersaal geleë is, die Administrasieraadskantore en die huis van die opsigter.

Die opsigter van die biersaal? -- Dit is korrek.

Is al die geboue aan die brand gesteek? -- Dit is korrek.

Weet u aan wie die kafee behoort het? -- Aan mnr. Bobane.

Is hy 'n raadslid? -- Nee.

HOF : Dit is dieselfde gebou as die biersaal? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Gaan voort, asseblief. Wat het u verder waargeneem? Het u enigiets waargeneem waar die kafee en die huis en die biersaal gebrand het? -- Nee.

Is die groep uiteen na die gebou aan die brand gesteek is? -- Ja. Daar het nog groepies agtergebly, maar die grootste gedeelte van die groep is toe uiteen.

Op dieselfde dag, later dieselfde dag, is u na die huis van raadslid Izak Hekhu? -- Dit is korrek.

Waar is sy huis geleë? -- Die huis is geleë in Mnandi woongebied.

Wat het u daar aangetref? -- Met aankoms daar het ek gevind dat die huis besig is om te brand.

Kon u uit waarneming vasstel hoe die huis aan die brand gesteek is? -- Nee, die hele huis het gebrand met ons aankoms.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was die raadslid of van sy mense tuis? -- Sy vrou was tuis gewees.

Behalwe die huis, is daar enigiets anders gebrand? -- Asook sy motor wat in die agterplaas geparkeer was, was ook besig om te brand.

Is u later dieselfde dag na konstabel Roqo se huis? -- Dit is reg.

Is hy gestasioneer te Somerset-Oos? -- Dit is korrek.

Waar is sy huis geleë? -- In Gwalangwalastraat in Mnandi.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het gevind dat die huis ook gegooi was met klippe. Die ruite en dakplate was beskadig.

Is u van daardie huis af na die huis van raadslid Richard Jose? -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het gevind dat die huis ook weer gebrand het. Al die inhoud van die huis was reeds uitgebrand. Dit was net die mure met dak wat staande gebly het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit nog al die tyd op die dag van die begrafnis? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Al die plekke waaroor u nou getuig het wat op 16 Maart aangeval is, is hulle naby aan mekaar geleë of is hulle versprei oor die hele gebied? -- Die biersaal, kafee, Administrasieraadskantore en die huis van die opsigter is almal bymekaar.

En raadslid Hekhu en konstabel Roqo? -- Hulle is in Mnandi woongebied ongeveer 800 meter uitmekaar.

En die raadsklerk, Richard Jose, se huis, waar was dit? -- Sy woonhuis is in New Brighton woongebied en ongeveer 400 meter vanaf die Administrasieraadskantore.

Die volgende dag, 17 Maart 1985, was u weer aan diens

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in die gebied? -- Dit is korrek.

Is u na die huis van speurder sersant Nguba? -- Dit is korrek.

Is hy gestasioneer te Somerset-Oos? -- Hy is gestasioneer te Somerset-Oos.

Was dit in die oggend van die 17de of die middag? -- Ongeveer 11h00 die oggend.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het gevind dat sy huis met klippe gegooi was, die ruite was stukkend, kliphoue teen die mure, die deure van die huis, die voordeur was beskadig asook sy bakkie wat in die straat geparkeer was se regter- en linkerdeurversters was stukkend en kliphoue op die voertuig.

Was sersant Nguba tuis of nie? -- Hy was by sy huis.

Dieselfde dag, 17 Maart, is u weer na die Administrasieraadskantore? -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het gevind dat die bottelstoorgedeelte Buite-Verbruik ook aan die brand gesteek was. Rondom die gebou buite het duisende bottels aan stukke gelê.

Was daar enige voertuie beskadig? -- Dieselfde dag is 'n voertuig van die Administrasieraad in 'n agterplaas waar dit geparkeer was aan die brand gesteek.

Is u van daardie toneel na 'n skool? -- Dit is korrek.

Watter skool is dit? In watter gebied? -- Die Senior Sekondêre Skool in Mnandi woongebied.

Wat het u daar gevind? -- Ek het gevind dat een van die klaskamers besig was om te brand. Die brandweer was ontbied en die brand was geblus.

Watter dag van die week was dit? Is daar skool gegaan die dag? -- Dit was 'n Sondag.

Op 19 Maart, twee dae later, 1985 was u weer aan diens



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in die Swartwoonbuurt? -- Dit is korrek.

Wat het gebeur? Is enige voertuie beskadig die dag? -- Die poskantoor was besig om telefoonlyne te bou op Mnandi Swartwoongebied. Berig was ontvang dat hierdie voertuie aangeval word. Met aankoms het ek gevind dat 'n groot vragmotor se kajuit besig was om te brand en 'n trekker was vol duike gegooi. Die vragmotor se kajuit het geheel en al uitgebrand.

Was daar nog mense op die toneel? Kon u bepaal wie verantwoordelik was vir die skade? -- Die poskantoorpersoneel het gerapporteer dat hulle aangeval deur Swartjeugdiges.

Toe u op die toneel was, was daar toe nog mense op die toneel? -- Net poskantoorpersoneel.

Is u dieselfde dag, 19 Maart 1985, ontbied na die spreekkamer van 'n dokter? -- Van dr. Mbayisa.

Waar is die spreekkamer? -- In Mnandi Swartwoongebied. Ek het gevind dat daar gepoog was om hierdie gebou ook aan die brand te steek. Die hoofdeur was besig om te brand toe ons daar aangekom het.

Het dr. Mbayisa vantevore geweier om mense te behandel? -- Volgens ons kennis.

Wat se mense? Weet u? -- Dit is mense wat beseer sou gewees het tydens oproer.

Na hierdie datum 19 Maart 1985, wat was die toestand in die Swartwoongebied? -- Dit het toe genormaliseer.

Was daar op enige stadium padversperrings in die gebiede opgerig? -- Ja, sedert 16 Maart 1985 was daar padversperrings in al drie die woongebiede aangebring in die strate. Dit was telefoonpale, motorwrakke, slote wat oor die straat gegrawe was, motorbande wat aan die brand gesteek was, tot selfs planke waardeur skerp spykers gekap was en bondels afval wat aan die brand gesteek was. Hierdie versperrings het die

... / beweging

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

beweging van die polisie baie bemoeilik in die gebiede.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Du Pisanie, as ek u getuienis goed verstaan het, het u in die algemeen by die verskillende plekke gekom na hulle beskadig was? -- Dit is korrek.

U het in die algemeen geen persoonlike kennis wat net voor die gebeurtenis plaasgevind het nie? -- Nee.

Daar is 'n paar aspekte van die getuienis waaroor ek u wil vra. Eerstens, toe u die groep jongmense gesien het op 11 Februarie 1985, u sê dat hulle gelei was deur Andile Ntsundu? -- Dit is reg.

Is hy 'n student of 'n skolier? -- 'n Skolier.

Dra u kennis waarom hulle na die Administrasiekantoor gegaan het of nie? -- Sover my kennis strek het hulle gegaan om die gemeenskapsaal te huur.

Heeltemal reg. Was hulle die verteenwoordigers van die SRC van die skool? Weet u of daar 'n SRC was en dat hy en andere gekies was as verteenwoordigers van die SRC? -- Nee, ek weet nie.

U weet nie uit u eie kennis of hy in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van die SRC daar was of in enige ander hoedanigheid nie? -- Nee.

Was u daar toe die verteenwoordigers van die skool na die burgemeester gegaan het of is u daarheen vir die eerste keer nadat die groot aantal jongmense daar opgedaag het? Was u in die omgewing van die saal toe 'n klein groepie verteenwoordigers na die saal toe gegaan het? -- Ek was op daardie stadium in die ou Swartwoonbuurt gewees.

Het u gesien dat daar 'n klein groepie verteenwoordigers na die burgemeester gegaan het? -- Nee, ek was toevallig in Ou Swartwoonbuurt gewees.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En was u daar om hulle te sien? -- Ek het hulle gesien gaan.

Kan u onthou of die burgemeester op die betrokke dag ŉ geweer saam met hom gehad het? -- Ek het hom later gesien met ŉ geweer, ja.

Is u in staat om te erken of te ontken dat hy in besit van ŉ geweer was toe die jongmense na hom gekom het en hom gevra het "Kyk, ons wil die saal asseblief gebruik vir ŉ vergadering"? Of hy op daardie tydstip die geweer gehad het of nie? -- Ek kan nie sê of hy op daardie tydstip die geweer gehad het of nie.

Weet u of die skoliere van die skool probeer beweeg het van hulle skool af na die saal voor daar enige moeilikheid was? Was die groep skoliere in u gesigsveld toe hulle van die skool af na die gemeenskapsaal beweeg het? -- Nee, hulle was nie.

Weet u waarheen die burgemeester gegaan het voor hy by die saal teruggekom het toe die groter groep skoliere opgedaag het? -- Ek verstaan nie die vraag nou nie.

HOF : Weet u of hy êrens anders heen is voor hy by die saal onder die groter groep deurgeloop het?

MR BIZOS : No, My Lord, it is my mistake. I assumed that the community hall and the offices are at the same place and they are not.

Ek is meegedeel dat die kantore op ŉ ander plek is as die saal. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Al die vrae wat ek aan u gestel het in verband met die omgewing van die saal, is by die kantoor van die burgemeester. Is ons nou met mekaar? -- Dit is korrek.

HOF : Nee, maar word dit nou beweer dat die skoliere van die skool na die kantoor van die burgemeester probeer beweeg

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het en nie na die saal toe nie?

MNR. BIZOS : Dit is so. Na die kantoor van die burgemeester om te eis dat hulle as skoliere in daardie gemeenskap die saal nodig gehad het om 'n vergadering te hou? -- Dit is korrek.

Is die kantore van die burgemeester langs 'n biersaal? -- Naby 'n biersaal.

Kan u onthou of dra u kennis van die feit dat die burgemeester na die biersaal gegaan het en 'n groep van die werknemers van die biersaal uitgeroep het om die jongmense se konfronteer? Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Dra u kennis van die feit dat die werknemers met assegaaie en spiese na die jongmense gekom het? -- Nee.

Weet u of die burgemeester daardie oggend sy geweer gebruik het? -- Ek weet daarvan.

Is dit voor sy huis aangeval was of enige ander plek aangeval was? -- Dit was nadat sy huis aangeval was, direk, volgens inligting, op die tydstip toe Petrus Antonie se huis aangeval was.

U was nie daar nie? -- Ek was nie daar nie.

En u was nie daar nie toe die burgemeester naby die kantore die houding ingeneem het dat "Julle kleintjies sal nie vir my sê wat om te doen nie. Julle behoort by julle skool te wees" en hy het die geweer gebruik en die ander werknemers het die jongmense met assegaaie en spiese gedreig. U was ook nie daar nie? -- Dit is korrek.

U is nie in staat om dit te ontken nie? -- Ja.

Dit is so? -- Dit is so.

Dra u kennis van die feit dat as gevolg van die optrede van die burgemeester meeste van die skoliere terug na hulle skool toe gehardloop het? -- Met my aankoms in die Mnandi woonbuurt waar die Swartskole geleë is, was daar baie kinders

... / by

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

by die skool sowel as op die skoolgronde.

HOF : Dit was op 'n skooldag in skooltyd of buite skooltyd en op 'n naweek? -- Nee, dit was gedurende 'n weeksdag.

En gedurende skooltyd? -- Gedurende skooltyd.

Die hele gebeure? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Was die burgemeester se huis op pad terug skool toe vir die jongmense wat by die kantoor was? -- Die huis is nie direk op pad tussen die Administrasieraadskantore waar die burgemeester se kantoor is en die skool nie.

HOF : Hoeveel draai moet daar geloop word? -- Die skole is waar Mnandi woonbuurt begin en die burgemeester se woonhuis is direk op die oostelike punt van die woonbuurt.

Hoeveel blokke moet 'n mens uit jou pad gaan om by sy woonhuis te kom? As jy nou die roete neem van sy kantoor af na die skool toe, hoeveel moet jy afwyk van die roete om by sy huis te kom? -- Ongeveer vier blokke.

MNR. BIZOS : En die huis van die persoon wat by die biersaal werksaam was? -- Hy is ongeveer vyf blokke vanaf die burgemeester se huis.

HOF : Is dit op die roete? -- Nee.

Nog verder? -- Hy is nog verder, die huis van die bestuurder.

MNR. BIZOS : As die jongmense die direkte roete sou neem? -- Dit is korrek.

Is u in staat om te sê of die hele klomp van die skoliere die burgemeester se huis verbygegaan het of was dit 'n klein groepie wat die ompad sou geneem het? -- Nee, ek is nie in staat om te sê nie.

En dieselfde geld vir die werknemers van die biersaal? -- Dit is korrek.

U is nie in staat om te erken of te ontken dat die persoon

... / wie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wie se huis aangeval was, een van die persone wat gewapen was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou Antonie?

MNR.BIZOS : Antonie. Ons het nie die naam gehad nie, maar uit die omstandighede blyk dit dat dit dieselfde persoon is.

HOF : U stel dit dat hy 'n persoon was wat gewapen was met 'n assegaai?

MNR. BIZOS : Met 'n assegaai en die mense gedreig het. U kan nie sê nie? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Weet u hoeveel skade daar by die burgemeester se huis was op hierdie dag, of dit nou ernstig was of nie? -- Dit was baie ernstig gewees. Ek het reeds gesê dat die skade gebaseer was op R4 000,00.

Vroeg die oggend? Is sy huis net een keer aangeval op daardie dag? -- Daardie betrokke dag net een keer.

Is u bewus van die feit dat na die burgemeester se huis beskadig was, hy, die burgemeester, na die skool gegaan het met sy geweer? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u kennis of hy vergesel was van die polisie en die superintendent van die woongebied wat in twee voertuie by die skool opgedaag het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u kennis van die feit dat toe die twee polisievoertuie by die skool aangekom het, die skoliere terug in die klasse was? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Sorry, My Lord, I misread my instructions. They were not in the classes. They were in the school terrain.

HOF : In elk geval, die getuie weet nie, want hy was nie daar nie.

MNR. BIZOS : Hulle was nie in die klasse nie en die burgemeester - dra u kennis van die feit dat hy sy geweer gebruik het terwyl die skoliere in die skoolterrein was en hy hulle

... / geskiet

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geskiet het? -- Nee.

Dra u kennis van die feit dat drie skoliere gewond was? -- Dit is korrek.

In die skoolterrein? -- Nee.

Waar? -- Volgens ondersoek wat ek gedoen het na die berig van die drie wat gewond is, was dit in dieselfde straat as wat Petrus Antonie se huis geleë is.

Is dit wat vir u gesê is? -- Dit is reg.

HOF : Aan die een kant vra u hom om kommentaar te lewer oor stellings wat u maak wat klaarblyklik hoorsê is en as dit u nie pas nie, dan sê u vir hom nee, maar dit is hoorsê? U kan dit so doen, maar waar kom ons op die manier?

MR BIZOS : The reason why I am doing this is to give the State an opportunity to rebut this, because I do not want it to be suggested that this was not put. The witness has come on hearsay evidence to give certain facts. What I am putting to him is that he does not know the reality and this is why I am putting it. I wanted to underline with the last question that he had no personal knowledge that it was outside Antonie's house.

Weet u wat die aard van die wonde aan die drie mense was? -- Ja.

Wat was dit gewees? -- Sover ek kan onthou was hulle van agter gewond.

Met wat? Was dit die burgemeester se geweer? -- Sover my kennis strek, ja.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Laat ons miskien net vasstel, hoe ver is mnr. Antonie se huis van die skool af? -- Ongeveer 400 meter.

En die gewonde kinders? Hoe ver was hulle van die skool af? -- Volgens hoorsê ook 400 meter.

... / MNR. BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. BIZOS : Weet u wat die houding as gevolg van die skietery en die feit dat drie skoliere deur die burgemeester gewond was, wat die effek op die skoliere was? -- Hulle was seker daarna hatig op die burgemeester.

U sal seer sekerlik ook weet van die feit dat die burgemeester daarna op 'n bakkie met 'n groep van sy ondersteuners in die woongebied rondgery het en skoliere geslaan het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Ek wil aan u stel dat die polisie opgetree het om die gedrag van die burgemeester te stop en een van die skoliere na die polisiestasie geneem het wat ernstig geslaan was deur die burgemeester en sy assistente?

HOF : Trawante.

MNR. BIZOS: Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die burgemeester rondgegaan het en persone uitgewys het aan die polisie wat gearresteer was?-- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

En dat een van die skoliere se kakebeen gebreek is toe die burgemeester besig was om mense te probeer arresteer? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Dra u kennis van die feit dat meeste van die persone wat as gevolg van die optrede van die burgemeester gearresteer was, nie aangekla was nie en hulle was vrygelaat by die polisiestasie? -- Ja, van die persone wat gearresteer was, is vrygelaat.

Was dit skoliere wat deur die burgemeester gearresteer was of uitgewys was? -- Dit was persone wat deur die polisie gearresteer was.

Maar deur die burgemeester uitgewys was? -- Ek kan nie sê dat hy enige van hulle uitgewys het nie.

Die meeste van die mense wat na die polisiestasie gebring

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was vrygelaat was en dat 'n klein getal van hulle aangekla was maar die klagte is teen hulle teruggetrek? -- Die klagte was teen sommiges teruggetrek. Dit is korrek.

Kan u onthou hoeveel mense gearresteer is? Op daardie dag min of meer? -- Ek praat onder korreksie, sewentien of negentien.

Dra u kennis of een of ander van hulle skuldig bevind was of nie? -- Dit is korrek.

Stem u saam dat daar net een persoon skuldig bevind was? -- Dit is korrek.

HOF : Waaraan is hy skuldig bevind? Weet u? -- Aan openbare geweld.

MNR. BIZOS : Al die ander wat aangekla was, was onskuldig bevind?

HOF : 'n Mens kan natuurlik nie openbare geweld op jou eie pleeg nie.

MNR. BIZOS : Kan u sê wat die getuienis teen die een persoon was en hoe laat hy op daardie dag openbare geweld gepleeg het? -- Nee, die voorval het plaasgevind het na 10h00.

Maar dra u kennis van wanneer hy enige daad van openbare geweld gepleeg het of nie? -- Dit was na 10h00 die oggend met die aanval op die burgemeester se huis.

Dra u kennis van die feit of van die omstandighede van die optrede van Ntisikelele Roqo? Is hy 'n polisiebeampte? -- Dit is korrek.

Woon hy langs die skool? -- Dit is korrek.

Dra u kennis van die feit dat hy 'n 16-jarige dogter geskiet het? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MR JOUBERT) : Mr Bizos, you are using the word "geweer - die burgemeester se geweer." Do you mean a rifle or a shotgun or a gun that is not a pistol?

... / MR BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MR BIZOS : I have it as a shotgun.

HOF : Wanneer is die 16-jarige dogter geskiet? Op hierdie dag of later? -- Ek is nie seker van die datum nie.

MNR. BIZOS : Ons het 'n datum. Dit is 18 Februarie. U dra geen persoonlike kennis van die omstandighede van die skietvoorval nie? -- Ek dra nie persoonlike kennis nie.

Dra u persoonlike kennis van die omstandighede van die dood van die jongmeisie wat begrawe was?

HOF : Deborah?

MNR. BIZOS : Het u enige inligting van die omstandighede van haar dood? -- Sy is tussen Cookhouse en Somerset-Oos in 'n motorongeluk oorlede.

Was dit die begrafnis wat op 16 Maart plaasgevind het? -- Dit is korrek.

Was u teenwoordig by die huis van die oorledene na die begrafnis of nie? -- Nee, nie teenwoordig by die huis nie.

Of naby die huis?

HOF : Het u die huis observeer? -- Observeer, ja.

MNR. BIZOS : Hoe ver van die huis af was u? -- Ek was teen 'n rant. Seker ongeveer 1,000 meter.

Ek wil aan u stel wat daar gebeur het en dan kan u vir ons sê of u dit kon waargeneem het of nie. Was die mense wat by die begrafnis was besig om te was by die huis van die oorledene? Dit is besig om hulle hande te was?

HOF : Ja, maar dit kan hy tog nie sien binne-in die huis nie.

MR BIZOS: The custom is that it is actually at the gate. By die hek is daar water in verskillende emmers en elkeen moet sy hande was voordat hy in die huis ingaan.

HOF : Weet u daarvan? Kon u dit sien? -- Ek kon dit nie sien nie.

Dra u kennis van die feit dat die mense daar gewag het



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

saam gekom het om kans te kry om hulle hande te was? U kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie.

HOF : Op 'n kilometer kan 'n mens nie veel sien nie.

MNR. BIZOS : Het u 'n Casspir daar gesien? -- By die huis self?

Of naby die huis? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

K344 Het u 'n landrover daar gesien, wat volgens my instruksies as 'n "sneeze" masjien beskryf is?

HOF : 'n Niesmasjien?

MNR. BIZOS : 'n Niesmasjien. Het u dit daar gesien? -- Nie by die huis direk na die begrafnis nie.

Of naby die huis? -- Nee, ek was toevallig later na die aanval op die biersaal in beheer van die niesmasjien, het ek op die niesmasjien gegaan.

Ja, maar waar was die niesmasjien toe u op die koppie was? Op die rantjie was? -- Hy was by die polisiestasie.

Ek wil aan u stel dat dit naby die huis was. Dra u kennis van die feit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Sê u die niesmasjien was nie in gebruik nie totdat u hom in gebruik geneem het?- Dit is korrek.

Met ander woorde, niemand anders sou met hom rondgery het daar by die huis rond tot u daar by gekom het nie? -- Nee.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat daardie deel van u getuienis nie korrek is nie en dat die masjien naby die huis was? -- Nee, dit is nie so nie.

Is u in staat om te sê of die polisiebeampte wat daar was die mense daar vyf minute kans gegee het om uiteen te gaan? -- Ek kan nie sê nie.

HOF : Kon u 'n polisiebeampte sien by die huis van 'n kilometer weg? -- Nee.

... / MNR. BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. BIZOS : En of twee van die mense die polisiebeampte genader het om te probeer verduidelik wat hulle besig was om te doen nie? U is nie in staat om dit te reken of te ontken nie? -- Nee, ek is nie.

Toe hulle op pad was na die offisier toe, is die niesmasjien aangeskakel en teen die twee persone gebruik? -- Nee.

En dat die traanrook nie die twee persone geraak het nie, maar al die mense wat daar gewag het om hulle hande te was en ook die kos wat daar voorberei was vir die mense? -- Nee, dit is onwaar. (10)

En dat die masjien daarna op en af in die pad beweeg het en 'n poeier uitgeskei het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 16 JUNIE 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017